

SKRIFGEDEELTE: 2 KONINGS 22:1 – 23:3

FOKUSGEDEELTE: 2 KONINGS 22:18-19

Josia – Geraak deur God se Woord!

Ons almal lewe vandag met Bybels in ons huise. Dit is vir ons amper ondenkbaar dat die Bybel ooit sal kan verdwyn, dat die boodskap van God se Woord ooit sal wegraak. Die Bybel is iets wat ons dink altyd daar sal wees.

In die tyd van Josia egter hoor ons dat die wetboek in die tempel gevind word. Presies hoe hierdie boekrol weggeraak het, weet ons nie. Al verklaring wat ons het, is dat dit waarskynlik in die tyd van koning Manasse deur iemand weggesteek is om te keer dat hy dit sou vernietig.

Dit blyk egter dat die boek soos dit gevind is, nie aan Josia bekend was nie. Toe dit deur Safan aan hom voorgehou word, het Josia besef dat dit inhoud van die boek ingrypende betekenis het. Die voorlesing daarvan skok hom as hy dink aan die situasie in die koninkryk van Juda. As hy dink aan die afgodery en afvalligheid van sy voorvaders, dan besef hy die nood waarin Juda verkeer.

Die skuldbesef van Josia sien ons duidelik in vers 13: *“Ons voorvaders was ongehoorsaam aan die eise van hierdie boek en het nie gehandel in ooreenstemming met alles wat daarin staan nie. Daarom is die toorn van die Here wat teen ons gaan ontvlam, groot.”*

Dit is wat gebeur met 'n mens wanneer jy deur die Woord van God geraak word: die sonde in jou lewe word ontbloot! Jy word tot verootmoediging voor jou Here gebring met die besef: sonder sy genade is ek verlore.

Sing: Psalm 40:4 (1936)

Ds. MJ (Thys) Erasmus (Nelspruit)